Die Nuwe Lumber City in Nigel:

Victor van Wyk het Woensdag, 3 Februarie sy deure oopgemaak vir die publiek. Victor is wel bekend in die area vir sy kabinetmakery, van die gewone kaste in huise tot vertooneenhede in Harley Davidson se vertoonlokale.

Met die saag en omrandingsmasjiene vir 'n geruime tyd reeds in plek en sy fabriek in die area waar almal in ons industrie besoek om hul benodigdhede te kry, het ek nie twyfel dat hy sal groei tot 'n volwaardige Lumber City nie. Dit was amper net 'n geval waar 'n kabinethardeware en verskillende bordsoorte aangekoop en tentoongestel is.

Die toevoeging van die kleinhandel tot jou bestaande besigheid sal goeie waarde toevoeg tot jou besigheid.

Lumber City Nigel begin klein, soos baie van ons begin, gegroei en suksesvol geword het. Geluk, sterkte en voorspoed Victor en wees verseker van die hele groep se goeie wense en bystand!